



basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

**NASIONALE
SENIOR SERTIFIKAAT**

GRAAD 12

LANDBOUBESTUURSPRAKTYKE

NOVEMBER 2014

PUNTE: 200

TYD: 3 uur

Hierdie vraestel bestaan uit 14 bladsye.

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Hierdie vraestel bestaan uit TWEE afdelings.
2. Beantwoord AL die vrae in die ANTWOORDEBOEK.
3. Begin ELKE vraag op 'n NUWE bladsy.
4. Lees die vrae aandagtig deur en antwoord slegs wat gevra word.
5. Nommer die antwoorde korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.
6. Jy mag 'n nieprogrammeerbare sakrekenaar gebruik.
7. Rond ALLE berekeninge tot TWEE desimale plekke af, tensy anders aangedui.
8. Skryf netjies en leesbaar.

AFDELING A**VRAAG 1**

- 1.1 Verskeie opsies word as moontlike antwoorde vir die volgende vrae gegee. Kies die korrekte antwoord en skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommer (1.1.1–1.1.10) in die ANTWOORDEBOEK neer, byvoorbeeld 1.1.11 A.
- 1.1.1 Die grondtipe wat mees waarskynlik groot gronddeeltjies bevat:
- A Kleigrond
 - B Leemgrond
 - C Sanderige grond
 - D Kleileemgrond
- 1.1.2 'n Fisiese grondeienskap wat 'n boer NIE deur die byvoeging van grondverbeteringsmiddels kan verander NIE:
- A Struktuur
 - B Tektuur
 - C Voedingsinhoud
 - D Dreinerings
- 1.1.3 Die dokument wat deur 'n boer opgestel word om te beplan vir die beskikbaarheid van fondse vir betalings, uitgawes of om vir krediet aansoek te doen:
- A Kontantvloeistaat
 - B Inkomstestaar
 - C Proefbalans
 - D Begroting
- 1.1.4 Die klimaatsfaktore wat 'n natuurlike produksie-onderneming die meeste sal beïnvloed as daar 'n abnormale verandering in 'n spesifieke seisoen voorkom:
- (i) Temperatuur
 - (ii) Reënval
 - (iii) Duur van daglig
- Kies die toepaslikste kombinasie vir die stelling hierbo:
- A (i), (ii) en (iii)
 - B (i) en (ii)
 - C (i) en (iii)
 - D (ii) en (iii)
- 1.1.5 Produkte op 'n land wat gereed is om geoes te word, is deel van die ... in die Balansstaat.
- A vaste koste
 - B veranderlike koste
 - C bates
 - D laste

- 1.1.6 Watter EEN van die volgende handeling sal aanvaarbaar wees indien 'n boer per tjek betaal?
- A Verander die datum en teken langs die verandering.
 - B Verander die syfers sonder om die woorde te verander.
 - C Teken namens jou wettige gemagtigde.
 - D Beveiliging deur die woord 'nie-oordraagbaar' dwarsoor die tjek te skryf.
- 1.1.7 Die inligting wat apart op die verpakking van 'n landbouprodukt gedruk word en nie noodwendig op die etiket nie:
- A Bestanddele
 - B Voedingswaarde
 - C Vervaldatum
 - D Produsent se naam
- 1.1.8 Voordat 'n boer 'n agro-prosesseringseenheid kan begin, is dit noodsaaklik om ...
- A op die prys van die produk te besluit.
 - B marknavorsing oor die produk te doen.
 - C alternatiewe grond vir prosessering te koop.
 - D op die aandelemark te belê.
- 1.1.9 'n Belangrike rekord vir 'n veeboer met geen gewasse of aangeplante weidings nie en wat winsgewendheid sal beïnvloed indien dit nie beheer word nie:
- A Voerrekord
 - B Kunsmisrekord
 - C Besproeiingsrekord
 - D Plantdigtheidsrekord
- 1.1.10 Belangrike aspekte wat in ag geneem moet word wanneer landbouprodukte uitgevoer word:
- (i) Die wisselkoers van ons geldeenheid
 - (ii) Die wetgewing van die invoerende land
 - (iii) Die tyd wat dit sal neem om die produk te vervoer
- Kies die toepaslikste kombinasie vir die stelling hierbo:
- A (i) en (ii)
 - B (i) en (iii)
 - C (ii) en (iii)
 - D (i), (ii) en (iii)

(10 x 2) (20)

- 1.2 Kies 'n beskrywing uit KOLOM B wat by 'n item/frase in KOLOM A pas. Skryf slegs die letter (A–L) langs die vraagnommer (1.2.1–1.2.10) in die ANTWOORDEBOEK neer, byvoorbeeld 1.2.11 M. Elke beskrywing in KOLOM B mag slegs EEN keer gebruik word.

KOLOM A		KOLOM B	
1.2.1	Grondmonster	A	die getal diere wat per hektaar aangehou word sonder veldagteruitgang
1.2.2	Wisselweiding		
1.2.3	Besproeiingskedulering	B	degradasie van grond
1.2.4	Drakrag	C	waarde van 'n trekker vir rekorddoeleindes
1.2.5	Wet op Grondhervorming (Huurarbeiderswet)	D	'n bietjie grond wat vir analise met 'n grondboor bekom is
1.2.6	Kalibrering	E	gee plante slegs water as dit nodig is en gebruik die korrekte hoeveelheid
1.2.7	Gronderosie		
1.2.8	Gradering	F	wildsplaasonderneming
1.2.9	Agritoerisme	G	die totale getal diere op 'n plaas in 'n jaar
1.2.10	Entrepreneur	H	bied sekuriteit aan plaaswerkers wat op 'n plaas woon
		I	hou diere vir 'n sekere tydperk in een kamp aan en verskuif hulle dan na 'n ander kamp
		J	bepaling van die vetinhoud van 'n karkas
		K	instel van sproeiers om die regte hoeveelheid onkruiddoder te lewer
		L	die persoon wat werksgeleenthede skep deur met 'n boerdery-onderneming te begin

(10 x 2)

(20)


- 1.3 Gee die KORREKTE landboukundige term vir elk van die volgende beskrywings. Skryf slegs die term langs die vraagnommer (1.3.1–1.3.10) in die ANTWOORDEBOEK neer, byvoorbeeld 1.3.11 Klimaat.
- 1.3.1 Die vermoë van gronde om water na reënval of besproeiing terug te hou
- 1.3.2 Die kommersiële boerderystelsel op 'n klein stukkie grond wat 'n groot aantal werkers en/of baie kapitaal nodig het met 'n hoë uitset
- 1.3.3 'n Natuurlike hulpbron wat tydens 'n spesifieke seisoen voorkom en wat noodsaaklik is vir alle lewendige organismes
- 1.3.4 Die dokument wat nodig is om vir 'n lening by die bank aansoek te doen en wat die toekomstige ontwikkeling en begrotings van 'n boerderyonderneming bevat
- 1.3.5 Die versamelnaam vir al die verskillende dokumente wat nodig is om 'n Inkomstestaats op te stel
- 1.3.6 Die bemarkingstelsel waar 'n boer 'n landbouprodukt aan enigiemand teen 'n ooreengekome prys kan verkoop
- 1.3.7 'n Plaaswerker wat verskeie sertifikate vir verskillende landboukundige kursusse ontvang het en wat baie ervaring het
- 1.3.8 Die geld wat jy by 'n finansiële instelling ontvang wat oor 'n paar jaar met rente betaalbaar is
- 1.3.9 'n Prosesseringsproses wat enige stof verwyder wat troebelheid in vloeistowwe veroorsaak
- 1.3.10 Die bestuursbeginsel wat vermorsing en verliese op 'n plaas beperk (10 x 1) (10)

TOTAAL AFDELING A: 50

AFDELING B**VRAAG 2: PLAASBEPLANNING****Begin die VRAAG op 'n NUWE bladsy.**


- 2.1 Die Wet op Basiese Diensvoorwaardes, 1997 (Wet 75 van 1997) verklaar dat plaaswerkers op verlof geregtig is. Noem VIER tipes verlof wat 'n plaaswerker deur die loop van die jaar kan neem. (4)
- 2.2 Kontoere word gebruik om gronderosie teen steil hellings te voorkom. Die verkeerde plasing van kontoere verhoog die risiko van gronderosie.
- 2.2.1 Definieer *gronderosie*. (2)
- 2.2.2 Beskryf *kontoerbewerking*. (1)
- 2.2.3 Een van die voordele van kontoere is dat dit die verlies aan landboukundige hulpbronne verminder. Bespreek hierdie stelling kortliks. (6)
- 2.3 Plaasimplemente speel 'n belangrike rol om produktiwiteit op 'n plaas te verhoog.
- 2.3.1 Maak 'n lys van die stappe om te volg in die besluitnemingsproses om implemente te bekom. (5)
- 2.3.2 Noem TWEE nadele van die gebruik van implemente. (2)
- 2.4 Gee DRIE belangrike redes waarom plaaswerkers 'n kontrak moet teken voordat hulle werk aanvaar. (3)
- 2.5 Vergelyk konvensionele kommersiële boerderystelsels en presisieboerderystelsels deur na die volgende faktore te verwys:
- 2.5.1 Noodsaaklike inligting (2)
- 2.5.2 Tegniese vlak van toerusting wat gebruik word (2)

- 2.6 Gewasproduksie word bepaal deur die hoeveelheid en intensiteit van die sonlig wat die plant bereik. Die hoeveelheid lig wat 'n helling ontvang, verskil na gelang van die seisoen, die tyd van die dag en die ligging van die helling, soos in die prentjie hieronder aangedui.



- 2.6.1 Identifiseer die helling waar plante in Suid-Afrika 'n hoër groeitempo sal hê en gee TWEE redes vir jou antwoord. (3)
- 2.6.2 Gee redes waarom die duur van daglig vir diere en plante belangrik is. (4)
- 2.7 Begrotings speel 'n belangrike rol in die suksesvolle bestuur van 'n plaas.
- 2.7.1 Onderskei tussen 'n *heleplaasbegroting* en 'n *afdelingbegroting*. (2)
- 2.7.2 Gee VYF voorbeelde van produksiebegrotings. (5)

2.8 Die grafiek hieronder dui die invloed van klimaatsfaktore op groeitempo in plante aan. Beantwoord die vrae wat volg.



2.8.1 Dui die periode met die hoogste groeitempo gedurende die jaar aan. (1)



2.8.2 Verduidelik hoe die verwantskap tussen reënval en temperatuur die groeitempo beïnvloed. Verwys in jou antwoord na die grafiek. (8)

[50]

VRAAG 3: ENTREPRENEURSKAP, REKORDHOUDING, BEMARKING EN BESIGHEIDSBEPANNING

Begin die VRAAG op 'n NUWE bladsy.

- 3.1 Noem VIER voordele van rekordhouding met gebruik van 'n rekenaar eerder as met handgeskrewe notas. (4)
- 3.2 'n Tjek kan gebruik word om vir items wat by 'n veiling aangekoop word, te betaal. 'n Boer het 10 speenkalwers teen R3 600 elk by 'n veiling gekoop en moet 10% kommissie op die transaksie betaal.

Datum/Date	NCS BANK Pretoria	Silwer	3.2.1	334-567	
Aan/To				Datum Date	3.2.2
Vir/For	Betaal Pay				of Toonder or Bearer
Saldo R	Die bedrag van The sum of		3.2.3		3.2.4
Dep R					
Totaal/Total R					
Tjek/Cheque R					
Totaal/Total R					Bakgat Boerdery Bakgat Farming
	2520		334567/; 11223344556677/;		2520

Voltooi die tjek hierbo en maak seker dat dit teen oneerlike handelingse beveilig word. Skryf die korrekte inligting langs die vraagnommer (3.2.1–3.2.4) in die ANTWOORDEBOEK neer. (4)

- 3.3 Depresiasie kan op verskillende maniere bereken word. Twee van hierdie metodes is die reguitlynmetode of kosprysmetode en die verminderende-saldo-metode of boekwaardemetode.

3.3.1 Definieer die term *depresiasie*. (2)

3.3.2 Gebruik die reguitlynmetode om die depresiasie te bereken van 'n voertuig wat vir R200 000 gekoop is met 'n herwinningswaarde van R10 000 en 'n verwagte lewensduur van 10 jaar.

Die formule vir die reguitlynmetode word gegee as:

$$D = \frac{CP - S}{L}$$

waar:
 D = Depresiasie
 CP = Kosprys
 S = Herwinningswaarde
 L = Lewensduur

(2)

3.4

Die inligting hieronder is deel van 'n plaas se groente-ondernemingsrekords. Gebruik die inligting om die vrae wat volg, te beantwoord.

TRANSAKSIES:

- Grondvoorbereiding, R10 000
- Verkoop van komkommers, R11 500
- Saad, R6 500
- Aanplanting, R6 000
- Tydelike arbeiders, R8 000
- Verkoop van tomaties, R20 000
- Brandstof en smeermiddels, R10 000
- Kunsmis, R10 000
- Siekte-, plaag- en onkruidbeheer, R10 000
- Verkoop van koolkoppe, R9 400
- Herstel en onderhoud, R5 500
- Verpakking en bemarking, R4 000
- Verkoop van beet, R28 000

- 3.4.1 Teken die tabel hieronder in die ANTWOORDEBOEK oor en voltooi dit deur die inligting in die toepaslike kolomme in te vul en die totale te bereken.

**INKOMSTESTAAT VIR DIE JAAR GEËINDIG
31 DESEMBER 2014**

UITGAWES	RAND	INKOMSTE	RAND
TOTAAL		TOTAAL	

(5)

- 3.4.2 Bepaal of die plaas 'n wins of verlies vir hierdie tydperk gehad het en staaf jou antwoord met berekening.

(3)

- 3.4.3 Noem ten minste DRIE moontlike oplossings vir die hoë uitgawes sonder om die grootte van die groente-onderneming te verminder.

(3)

3.5

'n Boer het die volgende saldo's op 31 Julie 2013:

- Kontant – R2 000
- Kapitale belegging – R115 000
- Grond (teen koste) – R100 000
- Bankvoorskot – R15 000
- Voorraad (teen koste) – R20 000
- Debiteure – R13 000
- Verbandlening – R120 000
- Implemente – R25 000
- Tweedehandse trekker – R50 000
- Geboue (teen koste) – R50 000
- Krediteure – R10 000

Gebruik die data hierbo om die ontbrekende inligting in die Balansstaat hieronder te voltooi. Sluit waardes in waar van toepassing. Skryf slegs die antwoord langs die vraagnommer (3.5.1–3.5.6) in die ANTWOORDEBOEK.

BATES	RAND	LASTE	RAND
Vaste bates		Kapitale belegging	115 000
3.5.1 →			
Geboue (teen koste)	50 000	Verbandlening	120 000
Beweegbare bates			
3.5.2 →			
Implemente (teen koste)	25 000		
Bedryfsbates:		Bedryfslaste:	
Voorraad (teen koste)	20 000	3.5.5 →	
3.5.3 →		Bankvoorskot	15 000
3.5.4 →			
Totale bates	260 000	Totale laste	3.5.6

(6)

3.6 Die voorbereiding van 'n besigheidsplan is belangrik vir 'n vooruitstrewende boer. Beveel VYF noodsaaklike stappe aan wat gevolg moet word in die voorbereiding van so 'n besigheidsplan. (5)

3.7 'n Boer het die opsie om *kontraktuele bemarking aan supermarkte* of *plaashekbemarking* te gebruik. Onderskei kortliks tussen hierdie TWEE bemarkingskanale. (4)

3.8 Markuitruiling is die proses om te koop en te verkoop waar die prys van die produk vasgestel word.

3.8.1 Definieer die term *vasgestelde prys*. (2)

3.8.2 Verduidelik die voordele van 'n vasgestelde prys vir 'n landbouproduk. (3)

3.8.3 Noem VIER bemarkingstrategieë wat die produsent kan gebruik wat nie te duur is nie. (4)


3.9 Bespreek diversifikasie as 'n besigheidsoorlewingstrategie. (3)

[50]

VRAAG 4: OES, VERWERKING EN BESTUUR

Begin die VRAAG op 'n NUWE bladsy.

4.1 Besluitneming is deel van die bestuursproses van 'n plaas. Bestudeer die vloeiagram oor die besluitnemingsaspekte hieronder en rangkik hulle chronologies (in die korrekte volgorde).



(6)

4.2 Voorbeelde van daaglikse bestuurstake word in prentjie hieronder gegee. Noem die VYF bestuurstake in die prentjie hieronder.



(5)

- 4.3 Verbruikers vind dit moeilik om ongeoste landbouprodukte te gebruik.
- 4.3.1 Definieer oes van 'n landbougewas. (2)
- 4.3.2 Gee die chronologiese stappe wat 'n groentegewas of sagte vrugte sal volg vanaf oes tot dit die supermark bereik. (6)

4.4 Verwerking behels die verandering van 'n rou produk in 'n vorm wat makliker deur die verbruiker gebruik kan word.

- 4.4.1 Verduidelik fermentasie as 'n metode om plaasprodukte te preserveer. (4)
- 4.4.2 Onderskei tussen *verwerkte voedsel* en *rouvoedselprodukte* onder die volgende. Trek die tabel hieronder in die ANTWOORDEBOEK oor en voltooi dit.

	Rouvoedselproduk	Verwerkte produk
Rakleef tyd		
Verpakking en verspreiding		

(4)

4.5 Beskryf VIER higiëniese (sanitêre) praktyke waaraan plaaswerkers moet voldoen in die voedselverwerkingsbedryf. (4)

4.6 Verskillende metodes word gebruik om plaasprodukte te verpak.

- 4.6.1 Noem VIER voordele van die verpakking van voedselprodukte. (4)
- 4.6.2 Tabuleer DRIE maniere om voedselprodukte te verpak met verwysing na stewigheid van materiaal en gee EEN voorbeeld van materiaal wat in elke geval gebruik word.

Manier van verpakking	Voorbeeld van materiaal gebruik

(6)

4.7 Agritoerisme is 'n breë konsep wat die landboubedryf en verskeie fasette van toerisme insluit.

- 4.7.1 Noem die TWEE hoofgroepe toeriste in Suid-Afrika. (2)
- 4.7.2 Teken die tabel hieronder in die ANTWOORDEBOEK oor en onderskei kortliks tussen die VIER tipes toeriste.

Tipe toeriste	Beskrywing
Opvoedkundetoeriste	
Avontuurtoeriste	
Kultuurtoeriste	
Produktietoeriste	

(4)

- 4.7.3 Bespreek bewustheid as 'n vereiste vir suksesvolle agritoerisme. (3)

[50]

TOTAAL AFDELING B: 150
GROOTTOTAAL: 200